## AFDELING D: LETTERKUNDE

## KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer

- Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae.
- Beantwoord TWEE vrae.

### VRAAG 10: ALGEMENE VRAAG

10.1 Lees die volgende beskrywings aandagtig deur en sê watter karakter elke keer beskryf word:

10.1.1 Hy het veertig jaar lank by die Landboukoöperasie gewerk en het nooit getrou nie. (1)

10.1.2 Hy lyk veel gedugter as die vorige jaar toe hy die naelloop gewen het. (1)

10.1.3 Hy was sy hele lewe lank maar lugtig vir ŉ spokery. (1)

10.1.4 Hy was ŉ dankbare persoon wat vir elke negatiewe ding ŉ positiewe antwoord het. (1)

10.1.5 Hy het ŉ groot swakheid gehad, en dit was nuuskierigheid. (1)

10.2 Wie is die hoofkarakter in die kortverhaal " ŉ Man kom tuis"? (1)

10.3 Wat beteken die aanhaling "toe begin ons weer ŉ spannetjie"? (1)

10.4 In die verhaal "Rooikoos Willemse is soek" het Rooikoos alles verloor. Waar bly hy nou? (1)

10.5 Hoeveel dae het dit die kraai gevat voordat hy na die broer teruggekom het? (1)

10.6 Watter ooreenkoms het Jakob en Willem met mekaar gemaak? (1)

**[10]**

**EN/OF**

### VRAAG 11: ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK – Abraham H de Vries

11.1 Vul die ontbrekende woorde in:

Rooikoos Willemse se swakheid was 11.1.1 ... terwyl die verteller se swak puntjie 11.1.2 ... was. (2)

11.2 Die verteller sê die hoteleienaar is ŉ snaakse mannetjie. Gee ŉ karaktertrek van die hoteleienaar wat hom die beste beskryf. (1)

